**Maandag 11 Januarie**
**Skrifgedeelte: Genesis 1:26-31; HK Sondag 3, Vraag 6**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:26**

## God het die mens na sy beeld geskep

Die skepping van die mens na die beeld van God beteken nie dat daar iets by sy menswees bygekom het nie. Nee, dit is ’n wesenskenmerk van die mens dat hy die beeld van God is.

Wat beteken dit egter om die beeld van God te wees? Dit beteken *eers-tens* dat die mens God se *verteenwoordiger* hier op aarde moet wees. Dit kan vergelyk word met die gebruik dat regerings ambassadeurs in ander lan-de het. In die ambassadeur is die betrokke land in die ander land teenwoor-dig. Hy moet ook toesien dat die belange van sy land in die ander land be-hartig word. So moet die mens as beeld van God ook God se verteenwoor-diger op aarde wees.

Om die beeld van God te wees, beteken *tweedens* dat die mens – veral voor die sondeval – in baie opsigte *na God gelyk het*. Dit beteken dat die mens die deugde en vermoëns wat deel van God se wese is, waarneembaar moet maak en in sy lewe moet laat uitstraal (1 Joh. 3:7). Enkele trekke waarin die mens die beeld van God vertoon – en veral voor die sondeval ver-toon het – is die volgende: God kan liefhê, trouens, Hy is liefde – die mens kan ook liefhê; God is heilig – die mens was ook heilig; God is regverdig – die mens was ook regverdig.

Toe het die sondeval gekom, en hoewel die mens ná die sondeval nog beeld van God gebly het (Gen. 9:6; Jak. 3:9), is God se beeld in die mens ernstig geskend. In plaas van om regverdig te wees, het hy grootliks onreg-verdig geword; in plaas van om lief te hê, het hy begin haat (Gen. 4).

In sy oneindige ontferming en genade het God toe sy eniggebore Seun gestuur en deur sy soenverdienste het Hy die beeld van God in die mens herstel. En deur sy Woord en Heilige Gees verander en vernuwe Hy ons sodat ons al hoe meer sy beeld in ons lewe vertoon (Rom. 8:29).

Dit is ’n groot *genade* van God dat ons sy beeld mag vertoon, maar dit is nou ook ons heilige *roeping*: ons moet nou oral en altyd sy beeld ver-toon. Daarom sê Paulus: *“Lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig”* (Ef. 4:24).

As gevolg van die sonde sal daar hier op aarde altyd leemtes wees in die openbaring van God se beeld in ons lewe. Op die nuwe aarde sal ons sy beeld egter volmaak vertoon (Fil. 3:21; 1 Joh. 3:2).